

2 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 1:14; Hebreërs 1:1-14
Fokusgedeelte: Johannes 1:14; Hebreërs 1:3, 5 & 6
HK, Vraag 33

Wie is Jesus Christus werklik?

Eens het Jesus vir sy dissipels gevra: "Wie sê die mense is Ek?" Die antwoord was: "Johannes die Doper, Elia, Jeremia of een van die profete." Wie is Christus vir my en vir jou?

Baie mense sê vandag steeds Jesus Christus was 'n mens soos ons, net baie besonders. Hy was iemand met besondere krag, wysheid, liefde en regverdigheid. Petrus het destyds op Jesus se vraag bely (Matt 16:16): "U is die Christus, die Seun van die lewende God!" Hoe moet ons hierdie belydenis verstaan? Is Jesus Christus tog as Seun van God iewers in die tyd gebore? Hoekom praat ons belydenis van die *eniggebore* Seun van God?

Johannes 1:14 gebruik die woord *monogenes* wat vroeër vertaal is met "eniggeborene", maar nou ter wille van groter duidelikheid vertaal word met "Enigste Seun van God". Hierdie vertaling is korrek, want Christus is van ewigheid af saam met die Vader en die Gees God. Hy is nie gebore of gemaak nie. Hy is van ewigheid af God, op 'n unieke wyse *Seun van die Vader*. Daarom verklaar Hebreërs 1:3, 5 en 6 dat Christus bo die engele is en dat Hy, alhoewel Hy 'n menslike liggaam aangeneem het, steeds die *heerlikheid* van God bly uitstraal het en die *ewebeeld van God* onder ons was. Daarom kon Hy die mag van die duiwel en die sonde breek.

In Hom is ons wat glo nou ook kinders van God!

Sing: Psalm 107:1, 3

Dr. NP Heystek (Wapadrant)

~~~~~